ALGEMENE OPMERKINGS

1. Sommige kandidate voer nie die eksameninstruksies uit nie en ignoreer inligting in die vraestel. Die volgende instruksies is byvoorbeeld nie gevolg nie:
   - 1 en 7: Kandidate moet slegs die vereiste aantal vrae in elke afdeling beantwoord. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word nie. Onderwysers behoort aan die begin van die jaar ‘n afskrif van die instruksiebladsy aan elke kandidaat te gee. Hierdie instruksies behoort ook in die Junie- en September-vraestelle gebruik te word.
   - Daar was weer eens sentrums waar die kandidate nie hulle antwoorde volgens die nommeringstelsel in die vraestel genommer het nie.

2. Die terminologie wat in hierdie vak gebruik word verskyn om ver bo die vermoë van 70% van die candidate te wees. Onderwysers behoort baie klem op vakterminologie. te plaas. Klastoetsies wat 10 punte tel behoort elke dag geskryf te word. Onderwysers behoort ook in hulle hersiening vakterminologie as basislyn-assessering te toets aan die begin van elke les aangesien daar baie nuwe terminologie in die nuwe sillabus is. Onderwysers behoort vir hulle klasse 'n woordelys van die belangrikste of moeilikste terminologie op te stel. Terminologie moet van graad 10 af beklemtoon te word.

3. Onderwysers moet die SAG (*subject assessment guidelines*) bestudeer. Geen onderwyser kan sonder hierdie dokument leerders onderrig nie.

4. Maak asseblief kopieë van die uiteensetting van die vraestel soos dit op bladsy 3 van die 2008 nasionale vraestel verskyn. Verduidelik die tydindeling vir elke afdeling en vraag.

5. Onderwysers moet gevolgtrekkings deel van assesseringstake maak sodat kandidate gevolgtrekkings sal kan maak as hulle opsteltipevrae beantwoord. Kandidate moet kan aandui waarom hulle saamstem of nie saamstem met die gegewe stelling nie – hulle kan van voordele of nadele gebruik maak om hulle stellings te staaf.

AFDELING B

Dit is baie belangrik dat onderwysers moet besef dat hierdie afdeling van die vraestel ‘n bepaalde struktuur het. Die vrae in hierdie afdeling bestaan uit die volgende:

- Kies die korrekte word uit dié tussen hakies (8)
- Noem drie tipes (6)
- Data-respons-vrae (20)
- Verduidelik of bespreek (16)

Die 16-punt-vrae is oor die algemeen baie swak beantwoord. Onderwysers sal baie meer aandag aan hierdie tipe vraag moet gee.

VRAAG 2

Kandidate moet kan onderskei tussen ‘n punt, 'n fase en 'n periode binne ‘n sakesiklus. Onderwysers moet ‘n diagram gebruik om hierdie terme te verduidelik.

VRAAG 3

Kandidate het probleme gehad om grafieke rakende eksternaliteite te vertolk. Onderwysers moet grafieke gebruik om hierdie konsep te verduidelik. Kandidate moet die verskil tussen positiewe en negatiewe grafiese voorstellings van eksternaliteite verstaan en afleidings uit hierdie grafieke kan maak. Eksternaliteite moet binne die konteks van markmislukkings verduidelik word.

Samespanning deur oligopoliee behoort baie meer aandag te geniet. Toepaslike voorbeelde moet gebruik word.

VRAAG 4

SA se groeibeleiede in terme van internasionale standaarde benodig meer aandag. Slegs die volgende internasionale standaarde word aanvaar:

- Ekonomiese groei
- Inflasie
- Indiensneming
- Wisselkoersstabiliteit

VRAAG 5

Besoedeling moet in terme van omgewingsvolhoubaarheid omskryf kan word. Kandidate moet toepaslike voorbeelde in hul besprekings kan gebruik.

VRAAG 6

Onderwysers van die kwartaalblad van die SARB gebruik wanneer die betalingsbalans behandel word. Kandidate moet in staat wees om geldwaardes in die betalingsbalans te bereken.

AFDELING C

Om hierdie afdeling te kan beantwoord, moet kandidate in staat wees om 'n opstel, langer antwoord en 'n brief/memorandum te kan skryf.

Die volgende assesseringsraamwerk is gebruik vir vrae 7 – 10:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Die kandidaat toon geen begrip vir die onderwerp nie.
1	Die kandidaat toon ‘n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1-15 punte)
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel. (16-30 punte)
5	Die kandidaat het die onderwerp korrek vertolk en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel. (31-45 punte)

VRAAG 7

Onderwysers moet meer klem plaas op die inspuitings en onttrekkings binne ‘n oop ekonomiesekringloopmodel. Baiel kandidate ken nie die verskil tussen inspuitings en onttrekkings nie. Onderwysers moet alle moontlike voorbeelde hier gebruik. Die vermenigvuldigingseffek benodig baie meer aandag.

VRAAG 8

Baie kandidate kon nie die laaste deel van hierdie vraag beantwoord nie. Onderwysers moet aandag gee aan die redes waarom mense nie onder toestande van monopolistiese mededinging in die mark sal deelneem nie.

VRAAG 9

Baie kandidate kon nie ‘n kritiese evaluering van die SA internasionale handelsbeleide en belangrikste protokolle ten opsigte van vryhandel gee nie.

Die volgende ooreenkomste is belangrik:

- SA Doeane-unie
- SAOG
- Afrika-unie
- Die Europese Unie SAVHG
- Mercusor
- WHO
- Handel volgens die Indiëse Rim Ooreenkoms vir Streeksamewerking
- Marrakesj-ooreenkoms
- Cotonou-ooreenkomste
- ITED-ooreenkomste

Google gerus bogenoemde beleide vir meer inligting.

VRAAG 10

Die impak van inflasie op die armste van armes behoort meer aandag te geniet. Let op die volgende:

- Die koopkrag van geld
- Inkome en rykdom
- Sosiale impak.